

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 51: Nitzavim (נצבים) – Wanneer Jy Staar

Hou dus die woorde van hierdie verbond om dit te doen sodat julle voorspoedig kan wees in alles wat julle doen. Julle staan vandag, almal van julle, voor die Teenwoordigheid van יהוה, julle God: julle hoofde, julle stamme, julle oudstes en julle ampsdraers, al die manne van Yisra'el. Deut. 29:9 en 10¹

Torah: Deut. 29:9 tot 30:20

Haftorah: Jes. 61:10 tot 63:9

Nuwe Verbond: Luk. 24:1 tot 12; Hebr. 8:7 tot 12; Rom. 1:18 tot 25; Rom. 2:28 en 29; Kol. 2:11; Rom. 10:6 tot 8; Joh. 10:1 tot 5; Open. 22:18 tot 20; Open. 3:5.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 51 wat afgelaai kan word by: [Parashah51Notas14](#) of by [Parashah51Notas15](#).

The greatest wisdom on this earth is holiness – W.S. Plumer.

We fear men so much because we fear God so little. One fear cures another. When man's terror scares you, turn your thoughts to the wrath of God – William Gurnall.

Temptations, when we meet them at first, are as the lion that reared upon Samson; but if we overcome them, the next time we see them we shall find a nest of honey within them – John Bunyan.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling, behalwe waar anders vermeld. Die PWL Vertaling kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch, maar is ook in gedrukte formaat beskikbaar. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

When filled with holy truth the mind rests – C.H. Spurgeon.

Midrash (Torah Bespreking)

Respekvolle vrees vir YHVH

In Deut. 29:10 lees ons: *Julle staan vandag, almal van julle, voor die Teenwoordigheid van יהוה, julle God.* So het Israel ook kort na die uittog uit Egipte aan die voet van Sinai in YHVH se teenwoordigheid gestaan. En nadat YHVH met Israel vanuit die wolk op die berg gepraat het, het hulle vir Moses gesê: *Praat u self met ons en ons sal luister, maar laat God nie met ons praat nie sodat ons nie sterf nie* (Ex. 20:19). Toe het Moses die volk geantwoord en gesê: *Moenie bang wees nie, want God het gekom om julle te toets en sodat Sy vrees by julle kan bly sodat julle nie sondig nie* (Ex. 20:20).

Die Hebreeus vir *bang* is *yare* en vir *vrees* is *yirah*. Beide die woorde in Hebreeus het bykans dieselfde betekenis, maar *yare* lê die klem op *verskrik* en *bevrees*, terwyl *yirah* lê die klem op respek uit vrees. Moses het dus vir Israel gesê om soveel respekvolle vrees vir YHVH hulle God te hê dat hulle nie sal sondig nie!

Aan die voet van die berg Sinai (Horeb) het die respekvolle vrees vir YHVH-God dus oor Israel gekom. In ons Torahskriflesing van hierdie week staan Israel in die teenwoordigheid van YHVH in die land Moab (Mo'av). Het hierdie geslag wat gereed staan om Kanaän in besit te neem steeds hierdie respekvolle vrees vir YHVH soos wat hulle aanvanklik by Sinai gehad het? 'n Respekvolle vrees wat sal maak dat hulle nie sondig nie? 'n Vrees vir YHVH wat enige begeerte om te sondig weg sal neem en enige versoeking tot sonde sal oorwin!

Paulus verduidelik dit soos volg:

- 11** *Net so moet julle ook julleself beskou as dood vir die sonde en dat julle leef vir God in eenheid met ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een.*
- 12** *Die sonde sal daarom nie in julle dooie liggame heers, asof julle aan sy begeertes gehoorsaam sou wees nie.*
- 13** *Moet ook nie julle lede aanbied as wapens vir boosheid tot sonde nie, maar bied julleself aan vir God as mense wat uit die dood uit lewend is en julle lede sal wapens wees vir die onpartydige opregtheid van God.*
- 14** *Sonde het nie outoriteit oor julle nie, want julle is nie onder die geskrewe wet nie, maar onder onverdiende guns.*
Rom. 6:11 tot 14

Dit herinner ons aan die wysheid van Salomo toe hy gesê het:

Die respekvolle vrees vir יהוה is die begin van kennis, maar dwase verag wysheid en instruksies. Spr. 1:7.

Die woord *kennis* (Hebreeus: *da'ath*) beteken egter ook om die *onderskeiding, insig, begrip, wysheid* en *bekwaamheid* te hê! Iemand met hierdie hoedanighede sal suksesvol wees!

Dit sluit aan by ons Torahskriflesing in Deut. 29:9.

Hou dus die woorde van hierdie verbond om dit te doen sodat julle voorspoedig kan wees in alles wat julle doen.

In die *Interlinear Scripture* lees hierdie vers soos volg:

So you will observe the words of this covenant and do them, so that you may proceed intelligently in all that you undertake.

Sou Israel dus al die woorde van die verbond *sh'ma, sh'mar* en *asah*, naamlik dit hoor, dit bewaar en nougeset daarvolgens handel, sal hulle op 'n verstandige en skrandere wyse alles wat hulle onderneem suksesvol uitvoer – hulle sal voorspoedig wees in alles wat hulle doen!

Dit is dan ook wat Ps. 1:1 tot 3 vir ons leer:

Gelukkig is die man wat nie lewe volgens die raadgewing van die wetsoortreders of staan op die pad van die sondears of vertoef in die geselskap van spotters nie, maar sy vreugde is in die wet van יהוה en hy deurdink Sy wet dag en nag. Hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by 'n waterstroom, wat sy vrugte gee op hulle tyd, waarvan die blare nie afval nie en alles wat hy doen, is voorspoedig.

Opsommend: Ons moet soveel respekvolle vrees vir YHVH ons God en Vader hê dat:

- Ons nie wil of sal sondig nie. Onthou sonde is die oortreding van YHVH se Torah (1 Joh. 3:4).
- Alle ander vrese ondergeskik is aan die respekvolle vrees vir YHVH! In die lig van respekvolle vrees vir YHVH sal enige ander vrese na kleinighede lyk!

Maardie belangrikste is: Ons moet elke dag met respekvolle vrees vir YHVH lewe, want ons almal sal eendag voor die regterstoel van God staan.

Ons is toegewyd daaraan om, of ons afwesig of tuis is, Hom tevrede te stel, want ons gaan almal staan voor die troon van Die Gesalfde Een sodat elkeen betaling kan ontvang volgens alles wat hy in die liggaam gedoen het; of dit goed is of boos. 2 Kor. 5:9 en 10

Bepeins of Bespreek:

1. Wat is jou mening? Het hedendaagse gelowiges wat Yeshua as die Gesalfde Een bely hulle respekvolle vrees vir YHVH verloor? Wat is respekvolle vrees vir YHVH? Is dit om alles in YHVH se Woord onvoorwaardelik te glo en te doen? Is die vlag van bonatuurlike manifestasies (of eerder “mannewalis”) met geen Skriftuurlike gronde by sommige byeenkomste 'n toonbeeld van respekvolle vrees vir YHVH? Getuig die hedendaagse kerk se toegewende gesindheid teenoor seksuele sondes van die respekvolle vrees vir YHVH?

Julle Staan Vandag

Die openingsvers van hierdie week se Torahskriflesing, naamlik Deut. 29:9, moet saam met Deut. 29:1 tot 8 gelees word, waar vers 1 soos volg lees:

Hierdie is die woorde van die verbond wat יהוה Moshe beveel het om met die seuns van Yisra'el te sluit in die land van Mo'av, bo en behalwe die verbond wat Hy met hulle by Horev gesluit het.

Die vraag is: Na watter verbond word hier verwys? Is dit 'n nuwe verbond wat nou gesluit word, of is dit 'n bestaande verbond wat opnuut bekragtigt word voor Israel Kanaän in besit

gaan neem? Om hierdie vraag te beantwoord moet ons eers hersiening doen van wat ons in vorige notas geleer het.

Toe Israel by Sinai aangekom het was hulle YHVH se verbondsvolk op grond van die verbond met Abraham, want dit was juis op grond van hierdie verbond dat YHVH vir Israel van die slawejuk van Egipte bevry het:

Dit het gebeur na 'n lang tyd dat die koning van Mitzrayim dood is. Die seuns van Yisra'el het gesug as gevolg van die slawerny en hulle het uitgeroep en die uitroep oor hulle slawerny het opgegaan na God toe. God het hulle gesug gehoor en God het Sy verbond met Avraham, met Yitz'gak en met Ya'akov onthou. God het aandag gegee aan die seuns van Yisra'el en God het met hulle 'n verbondsverhouding gehad. Ex. 2:23 tot 25

Maar toe Israel by Sinai aangekom het, was hulle ook 'n koninkryk van priesters, want die eersgeborenes was priesters (Ex. 19:22)². Verwysend na Gen. 14:13 tot 20 weet ons dat die eersgeborenes was priesters volgens die orde van Melgisédek, want hierdie was van die begin af YHVH se beplande priesterorde – 'n koninkryk van priesters. Daarom lees ons in Ex. 19:4 tot 6 wat YHVH aangaande Israel sê na hulle aankoms by Sinai:

*Julle het gesien wat Ek aan die Mitzrayiete gedoen het en hoe Ek julle op arendsvlerke gedra en na My toe gebring het; daarom, as julle My stem sal gehoorsaam en My verbond nakom, sal julle 'n spesiale skat vir My bo al die volke wees, want die hele aarde is Myne. **Julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde nasie wees. Hierdie is die woorde wat jy vir die seuns van Yisra'el moet sê.***

YHVH se hartsgebeerte was van die begin af dat die mens, en dus sy volk, 'n koninkryk van priesters moet wees wat vir Hom afgesonder is!

Israel het vir 400 jaar in Egipte gebly waar hulle 'n rykdom van kundigheid by die Egiptenare geleer het. Na hulle uittog uit Egipte het die tyd aangebreek dat YHVH hulle moet leer hoe om te lewe as 'n koninkryk van priesters en as YHVH se afgesonderde eiendomsvolk, asook om hulle voor te berei om die Beloofde Land, Kanaän, in besit te gaan neem! YHVH wou Israel terugbring tot die verhouding soos dit was met Abraham, Isak en Jakob en hulle oë en verlange weer vestig op Yeshua die Ewige Hoëpriester deur wie YHVH alles sal herstel soos dit aan die begin was!

Daarom is dit uiters belangrik wat op hierdie tydstip na Israel se aankoms by Sinai gebeur het, naamlik YHVH sluit 'n bloedverbond met Israel! Hierdie verbond, bekend as die Boek van die Verbond (Ex. 24:7) word in Ex. 19:1 tot 24:11 beskryf. Soos alle bloedverbonde bestaan hierdie verbond uit:

- 'n Aanbod, Ex. 19:5 en 6
- 'n Aanvaarding van die aanbod. Ex. 19:8.

² That there were priests among the Hebrews before the consecration of Aaron and his sons, cannot be doubted; though their functions might be in a considerable measure suspended while under persecution in Egypt, yet the persons existed whose right and duty it was to offer sacrifices to God. Moses requested liberty from Pharaoh to go into the wilderness to sacrifice; and had there not been among the people both sacrifices and priests, the request itself must have appeared nugatory and absurd. Sacrifices from the beginning had constituted an essential part of the worship of God, and there certainly were priests whose business it was to offer them to God before the giving of the law (Adam Clarke's Commentary on the Bible)

- Die bekragting met bloed (die sny van die verbond). Ex. 24:3 tot 8.
- ‘n Verbondsmaaltyd. Ex. 24:9 tot 11.

Volgens hierdie verbond sou YHVH vir Israel leer om ‘n koninkryk van priesters en ‘n afgesonderde volk te wees. Die vereiste (die voorwaarde van die verbond) was dat Israel in alles aan YHVH gehoorsaam moet wees! Israel het hierdie aanbod en voowaarde aanvaar (Ex. 19:8).

Hierdie verbond het kortliks die volgende behels:

- YHVH se Torah vanaf Adam tot Abraham.
- Heiligmaking en mikvah (doop) – Ex. 19:10 tot 15.
- Die Tien Gebooie – Ex. 20:1 tot 17.
- Uitsprake aangaande mense verhoudings – Ex. 21:1 tot 28.
- Uitsprake aangaande eiendom – Ex. 21:36 tot Ex.22:15.
- Uitsprake oor gedrag – Ex. 22:16 tot 31.
- Uitsprake oor reg en geregtigheid – Ex. 23:1 tot 9.
- Die Vasgestelde Tye van YHVH (Feestye) – Ex. 23:10 tot 17.
- Seëninge van gehoorsaamheid – Ex. 23:18 tot 33.

Hierdie boek van die verbond kan ook die ‘Melgisédékverbond’ of ‘My Verbond’ genoem word.

Maar hierdie verbond is verbreek deur die aanbidding van die goue kalf (Exodus 32). Nie net is hierdie verbond verbreek nie, maar ook die verbond met Abraham, want Israel het nie soos hulle vader Abraham die stem van YHVH gehoorsaam nie en het nie YHVH se opdragte, Sy bevele, Sy verordeninge en Sy wette nagekom nie (Gen. 26:5)!

Die verbreking van ‘n verbond beteken die doodstraf vir die skuldige vennoot. Israel het dus die doodstraf verdien! Daarom lees ons in Ex. 32:9 en 10 die volgende:

יהוה het vir Moshe gesê: “Ek het hierdie volk gesien en, let op, hulle is ’n hardnekkige volk. Laat My daarom alleen sodat My wraak teen hulle kan brand en Ek hulle verteer en Ek sal van jou ’n groot nasie maak.”

Maar Moses het as middelaar opgetree en by YHVH gesmeek vir onverdiende guns en om nie Israel te ‘verteer’ nie (Ex. 32:11 tot 13). Toe het YHVH Sy gedagtes verander oor die skade wat Hy gesê het Hy Sy volk sou aandoen (Ex. 32:14). Maar Israel se sonde van die goue kalf het twee dinge tot gevolg gehad:

Eerstens het YHVH vir Israel die boek van die wet (wetboek, die Torah van Moses) gegee waarvolgens Israel as YHVH se volk moes lewe – Deut. 17:18; Deut. 28:61; Deut. 29:21 en veral Deut 31:26. Hierdie was ‘n eensydige verbond – ‘n eedswering deur YHVH (Deut. 29:19) – want Israel was nie ‘n keuse soos met die sluit van ‘n bloedverbond gegee nie. Die boek van die wet was nie onderhandelbaar nie.

Tweedens, en voortspruitend uit eersgenoemde, is die Melgisédék priesterorde met ‘n Levitiese priesterorde vervang. Israel was toe nie meer ‘n volk **van** priesters nie, maar wel ‘n volk **met** priesters

Beide die boek van die wet en die Levitiese priesterorde was egter 'n tussentydse (tydelike) maatreël wat gedien het as die tugmeester – die gids en begeleier – tot Yeshua sou kom. Paulus verduidelik dit soos volg in Gal. 3:21 tot 26

- 21 Is die wet wat ons ontvang het teenoorgesteld aan die belofte van God? 'n Verwerplike gedagte, want as daar 'n wet gegee is, wat in staat was om lewe te gee, dan sou die onpartydige opregtheid waarlik vanaf die wet gekom het.*
- 22 Die Skrifte het alles onder die sonde ingesluit sodat die belofte in die vertroue van Yeshua, Die Gesalfde Een, aan die wat vertrou, gegee kon word,*
- 23 maar voordat die vertroue gekom het, is ons begelei deur die wet terwyl ons afgesny was van die vertroue wat op die punt was om openbaar te word.*
- 24 Die geskrewe wet was dus vir ons 'n gids na Die Gesalfde Een toe sodat ons onskuldig verklaar kan word deur vertroue,*
- 25 maar sedert die vertroue gekom het, is ons nie onder 'n gids nie,*
- 26 want julle is almal kinders van God deur die vertroue in Yeshua, Die Gesalfde Een,*

Hierdie tugmeester is bekend as die boek van die wet soos Paulus dit in Gal. 3:10 beskryf met verwysing na Deut. 27:26.

want almal wat 'staatmaak op die onderhouding van die wet,' is onder 'n vloek, want daar is geskryf: "Vervloek is elkeen wat nie voortdurend alles sal doen wat in hierdie boek van die wet geskryf is nie."

Die wet (geskrewe wet; boek van die wet; die Torah van Moses) was die getuienis wat langs die verbondsark geplaas was. Dit was die getuienis van die verbond wat Israel deur die aanbidding van die goue kalf verbreek het en die herinnering dat hulle alles moet gehoorsaam wat in die boek van die wet geskryf is sodat hulle kan lewe.

"Vat hierdie boek van die wet en sit dit langs die verbondsark van יהוה, julle God sodat dit daar kan bly as 'n getuie teen jou. Deut. 31:26.

Dit is die skuldbrief waarna Paulus in Kol. 2:14 verwys:

Hy het die geskrewe aanklag teen ons, wat vir ons nadelig was, deur Sy Outoriteit, uitgevee en uit ons midde weggevat en dit aan Sy kruis vasgeslaan.

Yeshua het deur Sy folterdood ons vrygespreek van ons skuldlas – die skuldlas wat ons saam met Israel gedra het sedert die verbreking van die verbond aan die voet van Sinai. Dit het die weggebaan vir die sluit van 'n nuwe verbond (Heb. 8:8 tot 12), asook vir die herstel van die Melgisédek priesterorde met Yeshua as ewige Hoofpriester (Heb. 7:12 tot 17; 1 Pet. 2:9 en 10). Nou is YHVH se woorde in Ex. 19:4 tot 6 volbring:

Julle het gesien wat Ek aan die Mitzrayiete gedoen het en hoe Ek julle op arendsvlerke gedra en na My toe gebring het; daarom, as julle My stem sal gehoorsaam en My verbond nakom, sal julle 'n spesiale skat vir My bo al die volke wees, want die hele aarde is Myne. Julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde nasie wees. Hierdie is die woorde wat jy vir die seuns van Yisra'el moet sê."

Elkeen wat bely dat Yeshua Die Gesalfde Een tot versoening met YHVH is, is 'n koninklike priester en afgesonder vir YHVH.

Die wet van die Gees van Lewe in Yeshua het elkeen vrygemaak van die wet van die sonde en die dood!!

*Daar is daarom geen veroordeling in Yeshua, Die Gesalfde Een, vir dié wat nie in die vlees leef nie,
want die wet van die Gees van Lewe, wat in Yeshua, Die Gesalfde Een, is, het jou vrygemaak
van die wet van die sonde en van dood,
want omdat die wet swak was, deur die sieklikheid van die vlees, het God Sy Seun in die vorm
van die sondige vlees gestuur, as gevolg van sonde, om die sonde in Sy vlees te veroordeel
sodat die onpartydige opregtheid van die wet volledig gemaak kon word in ons sodat ons nie
na die vlees leef nie, maar na die Gees. Rom. 8:1 tot 4.*

Hierdie wet van die Gees van Lewe in Yeshua is die Torah van Yeshua.³

Maar in die land Moab moes Moses egter vir Israel herinner aan die boek van die wet wat hulle nougeset sou moes volg om YHVH se seën en voorspoed in die Land Kanaän deelagtig te wees (Deut. 29:9). Inderwaarheid het Moses hulle herinner aan die belofte van Yeshua soos dit in die Torah van Moses vervat is (Joh. 5:46).

‘n Geslag het uitgesterf en die nuwe geslag moes opnuut die Torah van Moses hoor! Deut. 29:1 en 9 verwys dus nie na ‘n nuwe verbond nie, maar dit is die bevestiging van die boek van die wet alvorens Israel oor die Jordaan trek om Kanaän in besit te neem!

Op dié wyse het YHVH bevestig dat Israel Sy volk is en dat Hy die belofte aan Abraham, Isak en Jakob gestand sal doen (Deut. 29:13) indien hulle gehoorsaam is aan die boek van die wet – die Torah van Moses – die gids tot Yeshua sou kom!

Die boek van die wet, naamlik die Torah van Moses, is ondergeskik aan die Torah van Yeshua! Want die heerlikheid van die Torah van Yeshua is veel groter as die heerlikheid van die Torah van Moses soos Paulus dit in 2 Kor. 3:5 tot 18 verduidelik en wat meer volledig bespreek word in ‘n artikel wat afgelaai kan word by: [GB2.Feb13MosesSluier](#)

Bepeins of Bespreek

1. Die boek van die wet (Torah van Moses) is bygevoeg weens Israel se oortredinge en was van toepassing tot die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom. (Gal. 3:10 tot 19). Hierdie wetboek was ‘n vloek soos daar geskrywe is: Vervloek is elkeen wat nie voortdurend alles sal doen wat in hierdie boek van die wet geskryf is nie (Deut. 27:26). Maar Yeshua het ons losgekoop van die vloek van die geskrewe wet. Rabbynse Judaïsme wat Yeshua verwerp is dus steeds onder die vloek van die geskrewe wet!
2. Die wetboek is ons vyandig gesind (Ef. 2:15;). Die wetboek is vleeslik (Heb. 7:16) en bevat vleeslike verordeninge (Heb. 9:10). Die boek van die verbond is geestelik (Rom. 8:2). Die boek van die verbond is ons erfenis (Gal. 3:18).
3. Die priesterorde van Melgisédék is (her)aangestel oor die huis van YHVH en het die Levitiese priesterorde vervang! As priesters van die Melgisédekorde het ons ‘n hemelse altaar waarvan die Levitiese priesters nie die reg het om van te eet nie – verwys Heb. 13:10 en 11.

³ Vir ‘n meer volledige bespreking van die Torah van Yeshua word die artikel van Ina van Niekerk in die verband aanbeveel. Hierdie artikel kan afgelaai word by: [Die Torah Van Die Messias Finaal](#)

4. Gal. 4:20 tot 31 is 'n naasmekaarstelling van die boek van die verbond (Sarah) en die boek van die wet (wetboek)(Hagar). Die kind van Hagar is in slawerny, maar die kind van Sarah volgens die belofte is vry. Hagar is 'n sinnebeeld van die fisiese, maar Sarah 'n sinnebeeld van die vryheid in Yeshua en van die hemelse Jerusalem.
5. Paulus skryf in Rom. 7:4 – *Nou, my broers, is julle ook dood vir die geskrewe wet, deur die liggaam van Die Gesalfde Een, om aan 'n ander te mag behoort, naamlik aan Hom wat uit die dood uit opgestaan het sodat julle vir God vrugte kan dra,*

Wat bedoel Paulus wanneer hy skryf: *Nou, my broers, is julle ook dood vir die geskrewe wet, deur die liggaam van Die Gesalfde Een?* Bedoel Paulus daarmee dat ons nou vry van Torah van Moses (die boek van die wet) is? Nee!! Paulus tref hier 'n vergelyking met 'n vrou wie se man gesterf het en sy volgens Torah wetlik die reg het om met 'n ander man te trou!

Torah was die eggenoot tot Yeshua gekom het. Maar nou het daardie eggenoot, naamlik die Torah van Moses gesterf, en derhalwe kan die vrou wettig met die Torah van Yeshua trou en onderdanig wees aan haar 'nuwe' eggenoot (bruidegom). Daarom skryf Paulus dat ons, naamlik ons as die bruid, nou aan 'n ander mag behoort, naamlik aan Hom (Yeshua) wat uit die dood uit opgestaan het sodat ons vir God vrugte van gehoorsaamheid aan die Woorde (die Torah) van Yeshua kan dra wat by ons bekering pas.

Vergelyk die boek van die verbond en die boek van die wet met 'n huwelik en 'n egskeiding. Die boek van die verbond is die huwelik waar geloof (vertroue en getrouheid) huweliksgeluk verseker. Die boek van die wet is vergelykbaar met 'n egskeiding waar die gereg (die wet) bepaal hoe die verhouding tussen die geskeides voortaan sal wees. Geskeides, veral waar kinders betrokke is, het steeds 'n verhouding met mekaar, maar die ideale verhouding het skipbreuk gely. Die Torah van Moses is nie die ideale verhouding met YHVH nie! Maar Yeshua Messias het hierdie verhouding herstel tot 'n ware liefdesverhouding tussen bruid en Bruidegom en tussen Vader en kind!

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.